BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT

BELEGGINGSVERSLAG

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

UITGAWE 62

AUGUSTUS 2008

WAG DAAR BETER TYE?

IS DAAR LIG IN DIE TONNEL?

BELEGGINGS-SEMINAAR:

JONG MILJOENÊRS

DATUM: WOENS, 10- SEPTEMBER 08
TYD: 15H30 VIR 16H00
PLEK: BRENTHURST AUDITORIUM

RSVP: CELESTE OR ROZANNE
(011) 799-8100
celeste@brenthurstwealth.co.za
rozanne@brenthurstwealth.co.za

BESPREKING IS BELANGRIK!
Verversings sal bedien word!

www.brenthurstwealth.co.za

DEUR MAGNUS HEYSTEK - BELEGGINGSTRATEEG

Sowat 'n maand gelede - midde-in die globale finansiële onstuimigheid en die skerp dalende waardes van beleggings - het ons ons kliënte die volgende raad gegee: doen niks!

Gaan stap, luister na musiek, lees 'n boek of gaan op vakansie – en doen verder niks. Ons het ook aanbeveel dat koerante, televisieprogramme en webwerwe, wat allerlei soorte komende ellendes voorspel het, liefs vermy moet word.

Ons het voorts gesê die bes presterende sektore soos hulpbronne moet liefs vermy word omdat Brenthurst se navorsing daarop dui dat hierdie sektore oorgewaardeer is.

Ons kan nou terugrapporteer en sonder vrees vir teenspraak verklaar: dit was baie goeie raad.
Kleinhandelaandele het met sowat 25% herstel en bankaandele met 15%, terwyl hulpbron-aandele sedert daardie tyd oor n wye front stoom verloor het. Trouens, die hulpbron-sektor het in June sy skerpste daling sedert 1980 ondervind.

In hierdie brief gaan ons een stap verder: Beleggings in die regte sektore van die mark kan oor die volgende agtien maande skitterende opbrengste lewer, wat meer as net behoort te vergoed vir die verliese van die afgelope jaar en langer.

Al die top-beleggingsghoeroes van die wêreld – van Warren Buffett tot wyle sir John Templeton – sal jou vertel dat uitstekende beleggings gemaak kan word as pessimisme op sy ergte is. En jy kans tans beswaarlik meer pessimisties wees oor beleggingsmarkte as juis nou, veral in Suid-Afrika.

Plaaslike markte bevind hulle sedert begin vanjaar reg in die middel van die oog van 'n perfekte storm: elke stukkie slegte nuus wat die markte kon getref het, het dit gedoen.

Dit wissel van die Eskom-duisternis, die Zuma-verhoor, die sogenaamde Zimbabwe-verkiesings, stygende rentekoerse, misdaad, die sub-prima-krisis, tot die astronomiese styging van die olieprys en hemelhoëe kospryse – sommer almal tegelyk ook.

HIER VOLG ONS VOORSPELLING: DIE HUIDIGE VLAAG VAN NEGATIWITEIT WAT BETREF MARKSENTIMENTE, WAT RENTESENSITIEWE AANDELE ONDER DRUK GEPLAAS HET, STAAN EINDE SE KANT TOE. DIE VERBETERING IN MARKSENTIMENTE, WAT OP 30 JUNIE NA ONS BESKEIE MENING REEDS MERKBAAR WAS, KAN AAN DIE VOLGENDE FAKTORE TOEGESKRYF WORD:

- Ons is naby die piek van die rentekoerssiklus. Teen einde aanstaande jaar verwag ons beduidende rentekoersverlag ings gegewe veranderinge in die inflasie-vooruitsigte (later meer hieroor in hierdie brief).
- Plaaslike inflasievrese is aan die afneem weens 'n kombinasie van kern-invloede, die toekenning van nuwe gewigte aan die verbruikersinflasiemandjie en dalende energie- en kospryse.
- Globaal beskou, is finansiële aandele en aandeelmarkte besig om te klim ondanks voortdurende slegte nuus. Finan siële aandele verhandel tans na aan boekwaarde – histories bewys as 'n baie winsgewende vertrekpunt vir waarde-beleggers.
- Die wanbalans tussen finansiële en kommoditeitsaandele in terme van aandeelprys-vertoning, sowel as waardasie het 'n ekstrame vlak bereik.
- Markleiding is op die punt om oor te gaan van hulpbron-aandele na finansiële en aandele wat sensitief is vir rentekoerse.

Ons voorspellings berus nie sommer op hoorsê nie en word beslis nie uit die lug gegryp nie. Die laaste keer toe ons so vol vertroue was, was Mei 2003. Ons het kliënte toe aanbeveel om uit die kontantmark na waarde-gebaseerde aandele oor te skakel. Die resultate was skitterend. Die huidige waardeskattings en marktoestande is tans byna dieselfde as destyds. Die geldmark se huidige opbrengs kan wel korttermyn-sekuriteit bied, maar die toestand gaan binnekort verander. Geld-markrentekoerse kan die tweede kwartaal van aanstaande jaar begin daal – selfs dramaties. Die aandelemark is 'n uiters gevoelige (en meestal akkurate) barometer van komende of toekomstige ekonomiese neigings.

Die huidige beermark wat aandele betref (met die uitsondering van die Groot Sewe – die sewe aandele wat voor in die koor sing) het in April verlede jaar begin – nog lank voor die subprima-krisis en die slegte nuus wat soos golwe oor ons gerol het.

INFLASIE NEIG VEEL LAER

Die impak van die toekenning van nuwe gewigte aan die verbruikersmandjie-indeks (VPI-X)kan nie onderskat word nie. Investec het onlangs die hoofopskrifte gehaal met sy bevinding dat Suid-Afrika se amptelike inflasiesyfers reeds die afgelope sowat agtien maande te hoog bereken is omdat verouderde beramings gebruik is. Volgens Investec moes inflasie reeds 2% persent laer gewees het as die amptelike syfer van die Reserwebank, wat monetêre beleid bepaal.

Dit is internasionaal die beste om elke vyf jaar nuwe gewigte aan inflasie toe te ken. Dit is om verskeie redes twee jaar lank deur Statistieke Suid-Afrika (SSA) uitgestel terwyl hy besig is om sy metodes van data-versameling te hersien.

Terwyl baie van die kritiek op die huidige VPIX-indeks hoogs tegnies van aard is, is dit 'n feit dat die huidige inflasiesyfers (glo dit gerus!) veels te hoog is.

Dit is die tweede keer in vyf jaar dat die Investec-span, wat werk met vasgestelde rentoekoerse, daarop wys dat Suid-Afrika se inflasiesyfers verkeerd is. Maar kyk wat gebeur toe! Pleks van dankie en 'n klop op die skouer, het die Reserwebank se opvlieënde goewerneur, Tito Mboweni, teen Investec uitgevaar. Die vakbond Solidariteit het selfs 'n klag teen Investec by die Finansiële- Diensteraad in te bring weens beweerde binne-handel. Hierdie aantygings het geen gronde gehad nie en is twee dae later teruggetrek.
Die feite is nooit betwis nie. En hierin lê enorme geleenthede vir beleggers opgesluit.
Die posisionering van portefeuljes voor groot draaipunte op die markte is dikwels die sleutel tot aansienlike winste, veral wat betref aandele wat gevoelig is vir rentekoerse – banke, die kleinhandel, effekte en gelyste eiendom.

Volgens André Roux van Investec sal die amptelike inflasiekoers eers vroeg aanstaande jaar die nuwe gewigte van verbruikersbesteding weerspieël.

Die grootte van die verskil tussen werklike en amptelike inflasie sal na verwagting byna 3 persentasiepunte bereik voordat die nuwe amptelike koers in Januarie in gebruik kom.
Dit sal ons nie verbaas as die inflasiesyfer (gegrond op die nuwe gewigte) in Februarie aanstaande jaar so laag as 7,9% sal wees nie (in teenstelling met n amptelik geprojekteerde syfer van 12,7% persent bepaal volgens die ou metode).

Dit beteken dat rentekoerse in die loop van aanstaande jaar beduidende sal daal met inflasie binne die teiken van die Reserwebank se amptelike monetêre teiken van tussen 3 en 6%.
Dit behoort die Reserwebank in staat te stel om die uitleenkoers teen Desember aanstaande jaar met tot 4 persentasiepunte te verminder.

DIE INSPUITING VAN RENTOEKOERS-PRIKKELING – OF –AANSPORING KAN BAIE DINGE BETEKEN:

- Laer inflasie, met die gepaardgaande afname in opbrengste uit verbande en gelyste eiendom en die gevolglike toe name in kapitaalwaardes;
- Groter groei;
- Laer werkloosheid; en
- Die herwaardering van aandele wat gevoelig is vir rentekoerse, soos banke en die kleinhandel.

JONG MILJOENÊRS-SEMINAAR

JAARLIKS BIED BRENTHURST WEALTH Ń GRATIS BELEGGINGSSEMINAAR VIR DIE JONG-VOLWASSE KINDERS VAN ONS KLIËNTE.
DIT IS EEN VAN DIE GEWILDSTE SEMINARE WAT ONS AANBIED EN IS N INLEIDENDE SEMINAR
VIR JONG MENSE WAT NOG NIE VEEL VAN GELD EN BELEGGINGS WEET NIE.
DIT BEHANDEL SULKE ASPEKTE SOOS DIE GEVAAR VAN SKULD, JOU EERSTE BELEGGING,
HOE OM TE BEGROOT EN ANDER ASPEKTE WAT JONG MENSE OP DIE REGTE PAD SAL PLAAS.
MOET DIT NIE MISLOOP NIE.

BELEGGINGSADVISEURS

Moet nie huiwer om met enige van ons vier hoogs opgeleide beleggingsadviseurs te kontak rakende enige aspek van u beleggingsportfeulje nie.

Hulle is Brian Butchart CFP - brian@brenthurtwealth.co.za.
Renee Eagar CFP - - renee@brenhurstwealth.co.za.
Michelle Burger Bcom - michelle@brenthurstwealth.co.za.
Johan Burger BCom Honns - johan@brenthurstwealth.co.za.

BELEGGINGSADVISEURS:

BRIAN BUTCHART
brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER
johan@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE BURGER
michelle@brenthurstwealth.co.za

RENEE EAGAR
renee@brenthurstwealth.co.za

BELASTING :

GAVIN BUTCHART
gavinb@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK
sue@brenthurstwealth.co.za

KLIËNTEDIENS :

CELESTE PHAKHATI
celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA
allie@brenthurstwealth.co.za

ROZANNE HEYSTEK
rozanne@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD
Building 3 Prism Office Park, Cnr Fourways Boulevard & William Nicol, Fourways, Gauteng, SA

Phone: (**011) 799- 8100** **Fax:** (**011) 799- 8101** **Website:** www.brenthurstwealth.co.za